basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • (Op) Stellenbosch<br>• (In die) Wes-Kaap<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | • (In) graad 2<br>• Toe sy in graad 2 was<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.3 | (Aan) netbal | 1 |
| 1.4.1 | figuurlik | 1 |
| 1.4.2 | "Sport het haar lewe geword."<br>*(Die antwoord op vraag 1.4.1 moet korrek wees om 'n punt by 1.4.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.5 | • Haar liggaamsbou was reg daarvoor.<br>• Sy het die regte liggaamsbou (vir rugby) gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.6 | Sy het ook in Ierland gespeel. | 1 |
| 1.7 | Sy het te oud geword om (rugby) te speel.<br>*(Volledige sin om punt te verdien)* | 1 |
| 1.8 | Kylemore (Rugbyklub se tweedespan).<br>*(Kylemore en tweedespan moet in die antwoord wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 1.9 | • Mans is nie gewoond daaraan om deur vroue afgerig te word nie.<br>• Rugbyafrigting is (tradisioneel) 'n manswêreld.<br>• Party mans is nie gewoond daaraan om deur vroue voorgesê te word nie/het geen respek vir vroue nie.<br>• Dis soms vir mans moeilik om 'n vrou se leiding te aanvaar/opdragte uit te voer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • Sy dink altyd goed voor sy enigiets doen.✓<br>• Sy praat sag, maar ferm. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>*Vir hierdie eksamen geld die volgende:*<br>*Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.*<br>*Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.* | 2 |
| 1.11 | • Sport leer 'n mens om reëls te gehoorsaam/te fokus.<br>• Sport leer 'n mens om saam met ander te werk/verantwoordelik te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | • Die onderwysers en maatskaplike werkers ...<br>○ ken die kinders.<br>○ weet watter kinders dit regtig nodig het.<br>• Kinders praat makliker met onderwysers en maatskaplike werkers oor hulle probleme.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | • Brian ondersteun/help sy vrou.<br>• Brian help (eerder groter) kinders.<br>• Brian is lief/gee om vir kinders.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | Matrikulante wat ...<br>• probleme het met dwelms.<br>• probleme het met bendes.<br>• probleme het met geweld.<br>• min/geen ondersteuning by die huis kry (nie).<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>*Vir hierdie eksamen geld die volgende:*<br>*Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.*<br>*Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.* | 2 |
| 1.15 | • D<br>• leier<br>• D leier<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.16 | • Alle kinders is deel hiervan.<br>• Selfs gestremde kinders is deel van hierdie projek.<br>• Geen kinders word uitgesluit nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | • Sy wil sportvroue bemagtig.<br>• Sy wil 'n sportakademie vir vroue begin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18.1 | • Glo in jouself./Hulle moet in hulleself glo. ✓<br>• Werk hard./Hulle moet hard werk. ✓<br><br>*Vir hierdie eksamen geld die volgende:*<br>*Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.*<br>*Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.* | 2 |
| 1.18.2 | sukses behaal | 1 |
| 1.19 | • D<br>• omstandighede jou nie moet keer om te doen wat jy graag wil doen nie.<br>• D omstandighede jou nie moet keer om te doen wat jy graag wil doen nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

## TEKS B: TYDSKRIFVOORBLAD

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | • Daar is 'n artikel/prent/foto in oor rugby/die Springbokke (wat die All Blacks wen).<br>• Daar is 'n artikel oor sport in.<br>• "Springbokke wen All Blacks"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21.1 | positief | 1 |
| 1.21.2 | • Daar is 'n pa wat sy gesin motiveer.<br>• Daar is 'n vrou wat lus het vir die lewe.<br>• Om 'n wedstryd te wen is positief/almal is bly wanneer die Springbokke wen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die antwoord op vraag 1.21.1 moet korrek wees om 'n punt by vraag 1.21.2 te verdien. Geen direkte aanhaling nie.)* | 1 |
| 1.22 | • (Daar is 'n) prent van koekies.<br>• Dit wys daar is resepte van koekies in die tydskrif.<br>• Daar staan: '(Heerlike) koekies'<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | • Die prys is groot/vet/bold gedruk.<br>• Die prys is in 'n ster.<br>• Die prys is in swart gedruk (teen 'n wit agtergrond).<br>• Die prys is op 'n prominente plek/in die middel van die advertensie gedruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • D<br>• Die tydskrifartikels gaan oor dinge waaroor mense wil gesels.<br>• D Die tydskrifartikels gaan oor dinge waaroor mense wil gesels.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**VRAAG 2: WAT JY MOET DOEN AS JOU NEUS BLOEI**

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|---|
| 1. | As jou neus begin bloei, moet jy **kalm bly**. | • Bly kalm wanneer jou neus bloei.<br>• Moenie skrik as jou neus bloei nie. |
| 2. | **Sit** dus mooi **regop** as jou neus bloei. | • Sit regop as jou neus bloei.<br>• Jy moet jou kop hoër as jou hart hou as jou neus bloei. |
| 3. | **Spoeg** dit dadelik **uit**. | • Spoeg die bloed in jou mond uit.<br>• (As daar bloed in jou mond is), spoeg dit uit. |
| 4. | **Knyp** jou **neusgate** vir 'n paar minute **toe**. | • Jy moet jou neusgate vir 'n paar minute toeknyp.<br>• Stop die bloed deur jou neusgate toe te knyp. |
| 5. | As die **bloeding gestop** het, moet jy **nie** jou **neus blaas nie**. | • Moenie jou neus blaas nadat die bloed gestop het nie. |
| 6. | **Sit ys** in 'n waslap om **teen jou** neus te hou. | • Sit 'n koue waslap teen jou neus.<br>• Sit ys teen jou neus. |
| 7. | As jou neus na 15 minute **nog bloei**, moet jy **dokter toe** gaan. | • Gaan dokter toe as jou neus aanhou bloei.<br>• Gaan dokter toe as jou neus na 15 minute aanhou bloei. |
| | **GETAL WOORDE = 191 WOORDE (± 200 WOORDE – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 53 WOORDE (50 – 60/65 MAKSIMUM)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | da**a**glik**s** | 1 |
| 3.2 | Jy moet 'n boom plant (!) | 1 |
| 3.3 | meeste | 1 |
| 3.4 | jou/almal | 1 |
| 3.5 | langs | 1 |
| 3.6 | Bome **word deur ons ge**plant. | 1 |
| 3.7 | oor die wêreld | 1 |
| 3.8 | • C<br>• die dinge wat jy doen, wys watter tipe persoon jy is.<br>• C die dinge wat jy doen, wys watter tipe persoon jy is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.9 | Dit beteken dat ...<br>• daar baie/genoeg bome in die toekoms sal wees.<br>• die toekoms beter/gesonder sal wees.<br>• mense sal probeer om die aarde te beskerm.<br>• die toekoms vol groen bome gaan wees.<br>• die toekoms nie letterlik groen van kleur is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | Bestel jou boom by **<u>S</u>**onskyn Kwekery. | 1 |

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Meneer sê vir Neelsie dat **hy** mooi **moet** luister. | 1 |
| 4.2 | • Vandag doen ons 'n gevaarlike eksperiment.<br>• Ons doen vandag 'n gevaarlike eksperiment.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.3 | • maak<br>• begaan<br>• bekostig<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.4 | • (baie) groot<br>• massiewe<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die verbuiging van die byvoeglike naamwoord moet korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 4.5 | te beklemtoon | 1 |
| 4.6 | • D<br>• opgewonde<br>• D opgewonde<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.7 | • A<br>• hoop dat daar 'n ontploffing is.<br>• A hoop dat daar 'n ontploffing is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.8 | Neelsie, het jy nou geluister **?** | 1 |
| 4.9 | stereotipering | 1 |
| 4.10 | smoorkwaad | 1 |

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | sy | 1 |
| 5.1.2 | • Gr.<br>• gr.<br>*(Enige EEN. Die punt moet aan die einde van die afkorting wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 5.1.3 | • Soms is 'n vraestel moeilik, maar jy moet positief bly.<br>• 'n Vraestel is soms moeilik, maar jy moet positief bly.<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie indien die leesteken verkeerd is of ontbreek nie.)* | 1 |
| 5.1.4 | Hoe kan jy die res van die eksamen oorleef?<br>*(Daar moet 'n vraagteken aan die einde van die sin wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 5.1.5 | • Die leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.<br>• Leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.<br>• 'n Leerder is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.6 | beplan | 1 |
| 5.1.7 | Moenie paniekerig raak **nie**. | 1 |
| 5.1.8 | • Haal<br>• haal<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.9 | • Jy **sal** party vraestelle moeilik **vind**.<br>• Jy **gaan** party vraestelle moeilik **vind**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.10 | (Dit help nie) **om** jou daaroor **te** (bekommer nie).<br>*(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 5.1.11 | vakke | 1 |
| 5.1.12 | nuwe | 1 |
| 5.1.13 | ske – du – le<br>*(Kandidate kan lettergreepverdeling op enige aanvaarbare wyse aandui.)* | 1 |
| 5.1.14 | My **van** is Pieterse. *(familienaam)*<br>*(Aanvaar enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is.)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | kamerdeur | 1 |
| 5.2.2 | rapport | 1 |
| 5.2.3 | vir | 1 |
| 5.2.4 | • stout(e)<br>• ongemanierde/ongehoorsame/onbeskofte<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antoniem moet in die konteks pas*). | 1 |
| 5.2.5 | beddegoed/kooigoed/slaapgoed/lêgoed | 1 |
| 5.2.6 | lampie | 1 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • (Rooikoos/Hy) het te veel gedrink.<br>• Rooikoos het al sy grond verloor/verkoop omdat hy so baie gedrink het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.2 | • D<br>• was groot en sy lang baard was nie netjies nie.<br>• D was groot en sy lang baard was nie netjies nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.3 | • Hy het skelwoorde/vloekwoorde voor vrouens gebruik.<br>• Hy het hard gepraat/'n groot stem gehad.<br>• Hy was die meeste van die tyd dronk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.4 | • Die Barrydalers was vredeliewende mense.<br>• Die Barrydalers wou nie met ander mense baklei/rusie maak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.5 | • Rooikoos het baie gedrink en dan nie gedink wat hy doen nie.<br>• Rooikoos het gereeld moeilikheid gesoek.<br>• Rooikoos het verkeerde dinge gedoen as hy dronk was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | • (Die) hoteleienaar/hotelbaas<br>• (Die) eienaar van die hotel<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.7.1 | goeie | 1 |
| 6.7.2 | swakker | 1 |
| 6.8 | • Rooikoos het op Barrydale se losskakel geskree.<br>• Die rugbywedstryd het gelykop geëindig.<br>• Rooikoos het so baie drankies gekry dat hy later van die stoel afgeval het.<br>• Die Barrydalers het Rooikoos na die hotel op Barrydale gevat.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.9 | • Rooikoos het gekeer dat hulle wen.<br>• Die feit dat hulle gelykop gespeel het, was vir hulle 'n vernedering/slegte ervaring/sleg.<br>• Die Barrydalers wou vir Rooikoos 'n les leer/laat verstaan dat 'n mens nie optree soos hy opgetree het nie/hy verkeerd opgetree het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • A<br>• veilig was.<br>• A veilig was.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.11 | nie kon glo wat hy die in die spieël gesien het nie | 1 |
| 6.12 | • Sy (rooi) kop/hare was swart/swart kop/hare.<br>• Sy (rooi) baard was afgeskeer/sonder baard/skoon gesig.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br>1 |
| 6.13 | gevolge | 1 |
| 6.14 | • Rooikoos het sy dorp in die skande gesteek.<br>• Dit wat Rooikoos gedoen het, was nie goeie sportmangees nie.<br>• Rooikoos se tuisdorp se span het nie op meriete gewen nie.<br>• Rooikoos het nie reg opgetree deur op Barrydale se losskakel te skree nie.<br>• Die telling was gelykop omdat Rooikoos Barrydale se losskakel ontsenu het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | Ja.<br><br>• Dit is sleg om nie te weet wie jy is nie/jouself nie te herken/ken nie.<br>• Rooikoos was alleen./Hy het nie 'n vrou of kinders gehad nie.<br>• Dit is 'n skok om op 'n onbekende plek wakker te word en glad nie te weet hoe jy daar gekom het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br><br>• Rooikoos het moeilikheid gesoek.<br>• Rooikoos het gekry wat hy verdien het/moes die gevolge van sy optrede dra.<br>• Jy moet weet dat as jy verkeerde dinge doen, jy die gevolge daarvoor sal moet dra.<br>• Dit was nodig dat so iets met Rooikoos moes gebeur sodat hy kon besef hy tree verkeerd op.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.16 | • Willem/Sy vriend is dood/het gesterf.<br>• (Oor) Willem/sy vriend se dood<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | (Vir die) matrone (van Rusoord) | 1 |
| 6.18 | Ja.<br>Daar was 'n lang waglys/baie ander mense wat plek in die ouetehuis gesoek het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>**OF**<br>Nee.<br>• Hy was bereid om te betaal om alleen te wees.<br>• Dit was beter vir hom om alleen oor Willem te treur.<br>• Niemand sou Willem se plek inneem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19 | dit was altyd 'n spesiale tyd saam met Willem | 1 |
| 6.20.1 | dapper | 1 |
| 6.20.2 | bang | 1 |
| 6.21 | • B<br>• te bang was om te slaap.<br>• B te bang was om te slaap.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.22 | • Jakob het die lig laat brand/nie die lig afgeskakel nie.<br>• Jakob het gebid/die Onse Vader opgesê.<br>• Jakob het tot so laat as moontlik in die televisiekamer gebly.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.23 | Die ander inwoners kon Jakob nie troos as hy so bang was nie, want ...<br>• hulle het nie geweet dat Jakob so bang vir spoke was nie.<br>• Jakob het vir niemand vertel dat hy so bang vir spoke was nie.<br>• Jakob het vir niemand van die ooreenkoms vertel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.24 | • Jakob wou hê dat Willem die ooreenkoms moes los/vergeet.<br>• Jakob wou nie meer weet wat ná die dood wag nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.25 | • Jakob het gevoel die ewige vrees vir die hel was onnodig.<br>• Jakob het die bottel vroeër as gewoonlik uit die wegsteekplek gehaal.<br>• Die bottel wou nie oop nie.<br>• Om halfses het die bottel se prop gewoonweg losgedraai.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.26 | 'n man van sy woord was | 1 |
| 6.27 | Dit verwys na *Die ooreenkoms* wat Jakob en Willem gesluit het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.28 | • Aan die einde van die verhaal het Jakob geweet dat daar wel lewe ná die dood is.<br>• Die probleem waarmee Jakob geworstel het, nl. of daar lewe ná die dood is, is opgelos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Daar moet 'n verwysing wees na wat die teken was)* | 1 |
| 6.29 | • Die twee ou mans het whisky skelm in hulle kamer gedrink.<br>• Daar word gespot met die vrouens/vrouens met die borsrokke en blou hare/vrouens wat lawwe goed is/vrouens wat eetgoedjies aandra.<br>• 'n Groot man is so bang vir spoke dat hy die lig laat brand.<br>• Jakob het baie dinge probeer om die bottel oop te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.30 | • D<br>• hegte vriendskap.<br>• D hegte vriendskap.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | (In) tant Nelie se (slaap)kamer<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.2 | • B<br>• skuldig gevoel het oor wat hy daardie aand wou doen.<br>• B skuldig gevoel het oor wat hy daardie aand wou doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.3 | omgepraat | 1 |
| 7.4.1 | betaal | 1 |
| 7.4.2 | oortuig | 1 |
| 7.5 | • 'n (stukkie) kant/sluier<br>• die Maré-trouring/trouring<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Tant Nelie/Sy het gesê dat Peet die boek ...<br>• moes hou.<br>• vir Kit moes gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.7 | • Dit was 'n Maré-/familieresep.<br>• Tant Nelie het hierdie resep jare lank soos goud weggesteek.<br>• Dit was deel van Ursula se erfenis.<br>• Daar was jarelange onmin tussen die Marés en Kit se familie/die Wahls.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8 | haar woorde wou beklemtoon | 1 |
| 7.9 | Kit wou die veerpluimresep hê omdat sy jaloers was daarop dat tant Nelie altyd die pryse daarmee gewen het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • Peet en Ursula het besluit om tant Nelie se resepteboek te steel.<br>• Peet het tant Nelie se resepteboek vir Kit gegee.<br>• Kit het haar eerste pan veerpluime gebak.<br>• Peet het vir Kit gesê dat hy nie meer met haar gaan trou nie.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.11 | • D<br>• liefde.<br>• D liefde.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.12 | • Tant Nelie en Ursula was familie.<br>• Na haar ouers se dood het tant Nelie vir Ursula gesorg.<br>• Ursula het by tant Nelie in die huis gewoon.<br>• Tant Nelie het in elk geval daardie goed vir Ursula gebêre.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13 | • Peet moes hom nie deur Kit laat manipuleer het nie.<br>• Peet moes dadelik/reguit vir Kit gesê het dat hy nie bereid was om iets van iemand anders te steel nie.<br>• Peet moes Kit dadelik uitgelos het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.14 | • Peet was so verlief op Kit dat hy toegelaat het dat sy hom verkeerde dinge laat doen/nie regtig besef het watter tipe mens Kit was nie.<br>• Ursula was so verlief op Peet dat sy bereid was om saam met hom iets kosbaars van tant Nelie te steel/iets verkeerds te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15 | • Peet het besef dat dit wat hy gedoen het, verkeerd was en sy fout reggestel.<br>• Peet het betyds besef wie en wat Kit werklik is.<br>• Peet het besef dat hy eintlik lief was vir Ursula.<br>• Peet en Ursula het bymekaar uitgekom en getrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "OPGANG" – Ina Rousseau**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.16 | Meisie/Sy het na Hannetjie se (nuwe) naaimasjien kom kyk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.17 | Drien | 1 |
| 7.18 | • Hannetjie se masjien was stinknuut/splinternuut/die nuutste masjien in die straat.<br>• Hannetjie se masjien kon dinge doen wat geen ander masjien kon doen nie.<br>• Dit was 'n (baie) mooi masjien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.19 | verbaas | 1 |
| 7.20 | Hannetjie spreek vir Lot as "Charlotte" aan omdat ...<br>• hulle nie goeie vriende was nie/goed oor die weg gekom het met mekaar nie.<br>• hulle nie 'n goeie/warm/hartlike verhouding met mekaar gehad het nie.<br>• Lot dinge vir Hannetjie gesê het wat haar hartseer laat voel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.21 | • Hannetjie wou Lot laat voel soos Lot haar altyd laat voel het.<br>• Hannetjie wou vir Lot terugbetaal (vir jare se kritiek/lelike opmerkings).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.22 | • D<br>• sy nie kan glo dat Lukas na jare vir Hannetjie 'n masjien gekoop het nie.<br>• D sy nie kan glo dat Lukas na jare vir Hannetjie 'n masjien gekoop het nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.23 | Hannetjie nie mooi met Lot se masjien gewerk het nie | 1 |
| 7.24.1 | goeie | 1 |
| 7.24.2 | verkeerde | 1 |
| 7.25 | • Lukas het vir Hannetjie 'n naaimasjien by *Welgemoed en Seun* gekoop.<br>• Lukas het die naaimasjien in die sitkamer gaan sit.<br>• Charlotte het ook na Hannetjie se nuwe masjien gaan kyk.<br>• Hannetje het vir Lot toegelaat om op haar nuwe masjien te werk.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.26 | • D<br>• jy aan ander moet doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.<br>• D jy aan ander moet doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.27 | Die masjien het gemaak dat Hannetjie opgang in die lewe gemaak het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.28 | Ja.<br>• Sy het Hannetjie elke keer toegelaat om haar masjien te gebruik./Sy het nooit nee gesê as Hannetjie haar masjien wou gebruik nie.<br>• Sy het vir Hannetjie raad gegee hoe om haar masjien (reg) te gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Sy het Hannetjie ongemaklik laat voel.<br>• Sy het lelike dinge vir Hannetjie gesê/beledig/verwyt.<br>• Sy het Hannetjie duidelik laat verstaan dat sy dit nie met 'n lekker hart gedoen het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat kan ook 'n spesifieke voorbeeld noem van die dinge wat Lot vir Hannetjie gesê het.)* | 1 |
| 7.29 | • Sy vra nie om met die masjien te werk nie<br>• Sy aanvaar sommer net dat Hannetjie haar sal toelaat om met die masjien te werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.30 | Ja, want ...<br>• Hannetjie het daarvan gehou om naaldwerk te doen/sou nou baie naaldwerk kon doen.<br>• Hannetjie sou nie meer nodig hê om vir ander vrouens te vra om hulle masjiene te gebruik nie.<br>• Hannetjie sou nie meer na Lot se beledigings/beskuldigings hoef te luister nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou

## *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

## VRAAG 8

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | • Hy was wreed teenoor diere/het diere mishandel.<br>• Hy het diere doodgemaak.<br>• Hy het sy ma se werkgewer se katjies in die visdam gegooi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.2 | • 100 (uur)<br>• honderd (uur)<br>• 3 maande<br>• drie maande<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.2.1 | Silwerkloof (Stalle) | 1 |
| 8.2.2 | strooi/hooi | 1 |
| 8.2.3 | prokureur | 1 |
| 8.2.4 | stalle | 1 |
| 8.3.1 | • Lucky het vir Binki geterg omdat sy bang is vir die perde./Lucky het vir Binki gesê sy is 'n bangbroek/bangbroek-bybie.<br>• Lucky het vir haar gelag/gesê dit lyk asof sy gaan flou val.<br>• Lucky het al rondom Binki en Lady Jane/die perd gedans en gesing.<br>• Lucky het Binki oor haar naam gespot.<br>• Lucky was onsensitief/vra uit oor persoonlike sake waaroor sy nie wou praat nie.<br>• Lucky het Binki die klikbek-tipe genoem.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.3.2 | Dit was reg dat Wilma met Lucky geraas het, want ...<br>• Lucky moes verstaan dat hy verkeerd teenoor Binki opgetree het.<br>• Lucky het vir Binki nog banger gemaak.<br>• Lucky het veroorsaak dat Binki minder selfvertroue het.<br>• Lucky se optrede kon veroorsaak dat Binki van vooraf bang sou wees vir die perde.<br>• Wilma het lank probeer om Binki se vrees vir perde weg te vat en nou vererger Lucky dit weer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.4 | • A<br>• onsensitief<br>• A onsensitief<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.5 | • C<br>• te doen wat sy vir hom sê om te doen.<br>• C te doen wat sy vir hom sê om te doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

*Kopiereg voorbehou* 

| | | |
|---|---|---|
| 8.6 | • Hy het baie verkeerde dinge gedoen/het hom nie goed gedra nie.<br>• Hy het baie dinge gedoen wat Wilma kwaad gemaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.7 | • Hy het Tinkerbelle laat skrik/weghardloop.<br>• Hy wou (later) vir Kaizer (met 'n karwats) slaan.<br>• Hy het lelik met hulle gepraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.8 | Lucky is negatief, want ...<br>• hy is self arm.<br>• hy neem ryk mense kwalik vir sy armoede.<br>• hy is jaloers op ryk mense.<br>• hy voel alle ryk mense is sleg.<br>• ryk mense betaal sy ma baie min geld vir die werk wat sy vir hulle doen.<br>• sy ma se werkgewer bestee baie geld aan katte, maar betaal haar min.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.9 | • Wilma het self iets (verkeerds) gedoen waaroor sy spyt was.<br>• Wilma het kinders verstaan.<br>• Wilma het baie (ander) kinders met probleme (ook) gehelp/was simpatiek.<br>• Wilma het nie bog/ongehoorsaamheid verdra nie/was streng.<br>• Wilma het nie veroordeel nie.<br>• Wilma wou vir Lucky help.<br>• Wilma het vir Lucky geleer dat alle ryk mense nie varke is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.10.1 | simpatiek | 1 |
| 8.10.2 | skuldig | 1 |
| 8.11 | ongeduldig raak met | 1 |
| 8.12 | gevolge | 1 |
| 8.13 | Lucky het geleer ...<br>• om diere met respek en liefde te behandel.<br>• dat dit wat hy gedoen het, wreed/verkeerd was.<br>• dat diere en mense goed oor die weg kan kom.<br>• dat nie almal wat perdry, ryk was nie.<br>• om nie te stereotipeer nie/om met ander mense oor die weg te kom.<br>• dat ryk mense ook probleme het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.14 | (Vir) Kaizer | 1 |
| 8.15 | positief verander | 1 |
| 8.16.1 | Sy/Wilma skud haar kop. | 1 |

*Kopiereg voorbehou* 

| | | |
|---|---|---|
| 8.16.2 | • Lucky het die taak uit sy eie gedoen./Niemand het vir Lucky gevra om dit te doen nie.<br>• Dit was die eerste keer dat Lucky iets goeds vir die perde gedoen het./Lucky se houding teenoor die perde het verander.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.17 | • D<br>• vriende met Binki wou wees.<br>• D vriende met Binki wou wees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.18 | Dukie/Hy het doodgebrand.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.19 | voordeel | 1 |
| 8.20 | • Lucky wou nie Binki se selfoon vir haar teruggee nie (en toe stoei hulle oor die foon).<br>• Binki het probeer om haar selfoon by Lucky te vat (en toe stoei hulle oor die foon).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.21 | • Lucky het sy ander naam op Binki se selfoon ingetik.<br>• Lucky wou nie Binki se foon teruggee nie.<br>• Lucky het per ongeluk een van Binki se bloes se moue losgeskeur.<br>• Lucky het besef dat hy nie die enigste mens met letsels is nie.<br>*(Kandidaat kry een punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.22 | anders | 1 |
| 8.23 | • B<br>• meer in haarself begin glo.<br>• B meer in haarself begin glo.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.24.1 | skaam oor | 1 |
| 8.24.2 | tevrede met | 1 |
| 8.25 | • Binki kon nou aan haar eie geluk dink.<br>• Dit was vir Binki genoeg dat sy ander mense/perde om haar het wat vir haar omgee.<br>• Binki kon nou besef dat sy nie op haar ma kon staatmaak nie/dat haar ma nie vir haar geluk verantwoordelik was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.26 | Ja.<br>• Dit pas by Lucky se karakter.<br>• Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig.<br>• Baie tieners praat so.<br>• Lucky is nie Afrikaanssprekend nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Daar behoort nie Engelse woorde in 'n Afrikaanse boek gebruik te word nie.<br>• Dit stel nie 'n goeie voorbeeld vir die leerders as daar Engelse woorde in 'n Afrikaanse boek gebruik word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.27 | • In die drama word mense op verskillende maniere deur die **perde gehelp**.<br>• Ons lees in die drama hoe die perde se **krag** mense met probleme **gehelp** het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

*Kopiereg voorbehou*